

22/87

Saaknommer 308/86  
WHN

SIPHO MANDLASI ..... Appellant

en

DIE STAAT ..... Respondent

JOUBERT, AR.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

SIPHO MANDLASI ..... Appellant

en

DIE STAAT ..... Respondent.

Coram: JOUBERT, BOTHA et GROSSKOPF ARR.

Datum van Verhoor: 13 Maart 1987

Datum van Uitspraak: 26 Maart 1987

---

UITSpraak

JOUBERT, AR :

/Op .....

Op 12 Maart 1986 is die appellant in die Transvaalse Provinsiale Afdeling voor HUMAN Wn R en twee assessore aangekla van moord deurdat hy op Donderdag 31 Januarie 1985 Sipho Mokoena (die „oorledene“), n Swartseun, te of naby Uitspanning No 9 in die distrik Moutse vermoor het. Hy het onskuldig gepleit. Hy is verhoor en skuldig bevind aan moord sonder versagtende omstandighede sodat die doodvonnis hom opgelê is. Met verloop ingevolge art 316(8)(c)(ii) van die Strafproseswet No 51 van 1977 (die „Wet“) kom die appellant na hierdie Hof in hoër beroep teen sy skuldigbevinding aan moord asook teen die weiering van die hof a quo om hom

/ingevolge .....

ingevolge die bepalings van art 79 van die Wet vir  
ondersoek en waarneming te verwys.

Volgens die onbetwiste getuienis was die oorledene  
ongeveer 5 na 7 jaar oud. Hy was 'n dwerg van ongeveer  
 $1\frac{1}{2}$  voet lengte. Langs die huis van die oorledene se  
ouers het die appellant wat 22 jaar oud was, ingewoon.

Die appellant was goed bevriend met die oorledene. Hy  
het die gewoonte gehad om lekkers vir die oorledene en  
ander kinders te koop en te gee. Omstreeks 12 vm op  
Donderdag 31 Januarie 1985 het Maria Mokoena, die oor=  
ledene se moeder, die oorledene vermis. Die volgende

/dag .....

dag, Vrydag 1 Februarie 1985, het sy die verdwyning van die oorledene by die polisiestasie te Dennilton aangebied. Eers Sondag 3 Februarie 1985 het Isaac Mosehla, geleidelik deur die sterk reuk van iets vrot, op die lyk van die oorledene afgekom waar dit onder 'n bos naby 'n spruit versteek was. Dit is al bos in die omgewing.

Die lyk het op sy maag gelê en 'n plastiese sak wat oor die kop was, was in die omgewing van die nek vasgemaak. Volgens hom het die lyk 'n kort broekie aangehad. Die polisie is ontbied en na die toneel geneem waar fotograaf Liebenberg foto's geneem het van die ruig gras en biesies waar die lyk gelê het. Sy getuienis oor die toestand van die

/lyk .....

lyk stem in hooftrekke ooreen met Isaac Mosehla se  
getuienis. Op 13 Februarie 1985 het dr Steyn, die  
distriksgeneesheer, 'n nadoodse ondersoek op die oor=  
ledene se lyk uitgevoer. Dog weens die gevorderde  
stadium van ontbinding van die lyk was hy nie in staat  
om die oorsaak van dood te bepaal nie. Alle sagte  
weefsels was afwesig : "Behalwe die benige gedeeltes  
is die nekorgane, die hart, die longe, die buikorgane  
alles afwesig. Die penis is teenwoordig. Beide testes  
is afwesig. Die onderbene is ongeskaad. Die enigste  
kledingstuk was 'n sakdoek om die nek". Volgens sy  
herinnering was daar geen bloed aan die vuil sakdoek nie.

/Die .....

Die nekwerwels sonder nekweefsels was teenwoordig maar hy kon geen aanduidings vind dat die keel afgesny is nie.

Daardie tyd van die jaar sou die proses van ontbinding van 'n blootgestelde lyk binne 24 uur begin.

Die Staat se saak het baie sterk gesteun op die mondelinge bekentnisse wat die appellant op Vrydag 1 Februarie 1985 gemaak het voordat dit bekend was dat die oorledene vermis word en voordat die lyk van die oorledene gevind is.

1. Volgens diaken Isaac Maselela het die appellant hom die middag van Vrydag 1 Februarie 1985 genader om met hom oor iets te praat wat die appellant kwel. Op daardie

/stadium .....

stadium was die appellant onbekend aan hom maar hy het later die register van die Zioniste Kerk geraadpleeg en vasgestel dat die appellant drie weke vantevore gedoop is. Die appellant het aan hom verduidelik dat hy

Woensdag (30 Januarie 1985) twee sent aan 'n baie klein seun gegee het om lekkers by die winkel te gaan koop.

Die naam van die seuntjie is Sipho. Hy het laasgenoemde by die bos ingewag toe hy van die winkel terugkeer en hom dieper in die bos ingeneem. Hy het die seuntjie gegryp, sy keel met 'n mes afgesny en sy lyk versteek.

Hy het vir Maselela met sy hand die omgewing aangedui

waar hy die seuntjie gedood het nl. 'n bos langs 'n spruit.

/Die .....



Die appellant het hom verder vertel dat hy daarna die gegil van die seuntjie in sy ore hoor. Toe hy 'n teepakkie afkomstig van die kerk neem om tee te maak, het hy die beeld van biskop Lekganyane in die teeblore gesien. Die biskop het hom vertel om 'n pastoor te soek en sy skuld aan hom te beken. Hy het die seuntjie se stem in sy ore gehoor en die beeld van die biskop het hom toe begin wurg. Maselela het die appellant geneem na pastoor Mokoena aan wie die appellant in sy teenwoordigheid sy relaas herhaal het. In kruisondervraging het Maselela ontken dat die appellant aan hom vertel het dat hy op 'n lyk in die bos afgekom het.

/2. Volgens .....

2. Volgens pastoor Mokoena se getuienis het Maselela die appellant na hom gebring waar die appellant sy verhaal herhaal het in die teenwoordigheid van Maselela. Aan hom het die appellant gesê die seuntjie wat hy Woensdag met 'n mes doodgemaak het se naam is Siphon Mokoena. In kruisondervraging het Mokoena ontken dat die appellant aan hom gesê het dat hy op 'n lyk in die bos afgekom het.
3. Maselela en Mokoena het daarna die appellant na die huis van hoofpastoor John Motshweni geneem waar hulle buite by 'n tafel gesit het. Die appellant het sy verhaal herhaal. Volgens Motshweni het die appellant hom vertel dat hy die seuntjie se keel afgesny het, die lyk versteek

/het .....

het en die mes daar weggegooi het. Die appellant het vir hom die omgewing aangewys waar hy die lyk weggesteek het nl. in die omgewing van die spruit. Die appellant het hom vertel dat hy die seuntjie se lyk in 'n plastieksak van Cash en Carry toegedraai het waar hy die lyk weggesteek het. Dit was die eerste keer wat Motshweni die appellant gesien het. Die appellant het hom meegedeel dat hy nie meer kon slaap nie omdat die seuntjie hom pla. Iets het vir hom gesê om die seuntjie dood te maak en hy het dit gedoen. Hy het die appellant gesê dat al manier om hom te help, is om die polisie in kennis te stel. Hy het in sy huis gegaan en die polisie getelefoneer.

/Die .....

Die appellant het egter oor 'n betonmuur gespring en op die vlug geslaan. In kruisondervraging het Motshweni ontken dat die appellant aan hom gesê het dat hy op die oorledene se lyk in 'n bos afgekom het.

Die appellant het getuig dat toe hy die Vrydagmiddag 1 Februarie 1985 in die bos gegaan het om na sy vangstrikke te kyk, hy die lyk van die oorledene ontdek het. Die lyk was bedek gewees maar aan daardie gedeelte van die lyk wat „gedeeltelik uitgekrom het” het hy dit herken as die oorledene se lyk. Hy het toe agtereenvolgens vir Maselela, Mokoena en Motshweni van sy vonds vertel. Hulle het hom gesê dat hulle die polisie

/sou .....

sou gaan verwittig. Hy het normaalweg van hulle weggestap. Na sy arrestasie het hy 'n verklaring aan 'n landdros afgelê waarin hy verklaar het dat hy op die oorledene se lyk in 'n bos afgekom het. Op vrae van die Verhoorregter het hy ontken dat hy die beeld van biskop Lekganyane gesien het wat hom wou verwurg. Hy het ook ontken dat hy die oorledene in sy ore hoor gil het.

Die verhoorhof het bevind dat Maselela, Mokoena en Motshweni indrukwekkende getuies was wie se getuienis bo alle redelike twyfel aanvaar is. Daarenteen was die

/appellant .....

appellant glad nie 'n indrukwekkende getuie nie en was hy bowendien leuenagtig.

Namens die appellant is daar ook in hierdie Hof ewe-as in die hof a quo betoog dat die bekentnisse van die appellant aan Maselela, Mokoena en Motshweni nie in 'n wesenlike opsig bevestig word soos art 209 van die Wet vereis nie. In die afwesigheid van mediese getuienis oor die oorsaak van dood is dit nie bewys dat die oorledene inderdaad vermoor is nie. Na my oordeel is daar egter wel voldoende staving van die bekentnisse in wesenlike opsigte deur getuienis aliunde, te wete :

/1. die .....

1. die oorledene is vermis
2. sy lyk is versteek gevind in 'n bos naby 'n spruit
3. sy lyk was gedeeltelik bedek deur 'n plastieksak
4. die appellant het die omgewing waar hy die lyk  
gevind het, aangedui as synde 'n bos naby 'n spruit  
geleë
5. die pad vanaf die oorledene se woonplek na die naaste  
winkel gaan verby die bos.

Na oorweging van al die getuienis oor die meriete  
in die onderhawige geval is ek van oordeel dat die ver=  
hoorhof geensins fouteer het in sy bevinding nie dat die  
Staat ho redelike twyfel aan die hand van die beskikbare

/getuienis .....

bewys het dat die appellant skuldig aan moord op die oorledene is. Die appellant se skuldigbevinding aan moord op die oorledene bly derhalwe staan.

Dit bring my by die tweede aspek waaroor die appèl gaan. Nadat die appellant deur die verhoorhof aan moord skuldig bevind is en daar nog nie oorgegaan is om vas te stel of daar versagtende omstandighede aanwesig is nie het advokaat Potgieter 'n aansoek tot die verhoorhof gerig om die appellant ingevolge die bepaling van art 79 van die Wet vir ondersoek en waarneming te verwys. Dit het hier nie gegaan oor die vraag of die appellant vanweë geestesongesteldheid nie

/oor .....



oor die vermoë beskik om die verrigtinge te begryp ten  
einde sy verdediging na behore te kan voer nie. Die  
appellant het immers reeds gepleit en selfs getuig.

Wat die verdediging voor oë gehad het, was om die aansoek  
op art 78(2) van die Wet te baseer deur te beweer dat  
die appellant vanweë geestesongesteldheid of geestesge=  
brek nie strafregtelik toerekenbaar was toe hy die moord  
gepleeg het nie. Weliswaar was daar nie mediese ge=  
tuenis beskikbaar om hierdie aansoek te ondersteun nie.  
n Distriksgeneesheer het die appellant daardie oggend  
gespreek en was van mening dat die appellant normaal is.  
Hy kon geen oordeel vorm oor die appellant se geestes=  
toestand toe die moord gepleeg is nie. Al getuienis

/wat .....

wat voorhande was, was leke-getuienis oor die beeld van biskop Lekganyane en die gegil van die oorledene waarna ek reeds supra verwys het en wat deur die appellant ontken is. Daar is ook getuienis van die appellant se vader Albert Mandlasi voorgelê waarvolgens die appellant vir hom gedurende September en Oktober 1984 as mal voorgekom het maar gedurende Januarie 1985 was die appellant se toestand „reg”. Na my oordeel het die verhoorhof egter fouteer om die aansoek van die hand te wys omdat daar aan die hand van die beskikbare inligting voor die verhoorhof ’n redelike moontlikheid bestaan dat die appellant geestesongesteld was of aan ’n geestesgebrek gely het toe hy die moord gepleeg het. Daar

/is .....

is die verdere belangrike aspek dat die moord vir 'n onverklaarbare rede of motief gepleeg is veral in die lig van die feit dat die appellant goed bevriend met die oorledene was en soms vir hom lekkers gegee het.

Die resultaat is dan soos volg :

1. Die appèl teen die skuldigbevinding aan moord word afgewys.
2. Die verhoorhof se afwysing van die aansoek van die appellant om hom te verwys vir ondersoek en waarneming word tersyde gestel.
3. Die verhoorhof se bevinding dat daar geen versagtende omstandighede is nie word tersyde gestel met die oog op paragraaf 4 hiervan.

/4. Die .....

4. Die verhoorhof word beveel om die nodige stappe ooreenkomstig art 79 van die Strafproseswet No 51 van 1977 te doen om die appellant vir doeleindes van ondersoek en verslag ingevolge art 78(2) te verwys en om, nadat sodanige verslag bekom is, die verhoorverrigtinge teen die appellant voort te sit.

---

C.P. JOUBERT AR.

BOTHA AR )

GROSSKOPF AR)

Stem saam.